Breinlyn 2010 (NSS-Graad 12)

Inskrywingsvorm (Afrikaans) 2010

Hierdie aansoekvorm is opgedeel in afdelings, elk van toepassing op 'n ander aspek van u aansoek. Begin asseblief met Afdeling A, en volg dan die loop van die vorm. Nie alle afdelings is noodwendig op u van toepassing nie. Gebruik asb 'n **swart pen** om die vorm in te vul.

Sien asb. die afsonderlike Gids vir suksesvolle studie saam met Breinlyn.

SA Senior: Graad 12

- ✍Volledige studiemateriaal, gebaseer op die Nasionale Kurrikulum. Op CD en/of handboek basis verskaf.
- ✍Breinlyn selfmerk-werksopdragte en memorandums vir termyne 1 en 3 in die meeste vakke, asook 'n selfmerk-eksamen in Junie in alle vakke. Merkstaat moet deur ouer opgelaai word.
- ✍November-eksamen gemerk deur Breinlyn in alle vakke.
- ✍Jaareind-rapport onderskryf deur Breinlyn. Eie vakke en aktiwiteite kan op rapport ingesluit word, bv. sport, kuns, kultuur, ens.
- ✍Gr. 9-12 onderhewig aan beleid en implementering soos deur die Nasionale Kurrikulum voorgeskryf.
- ✍Gratis opgraderings vir die duur van jaarinskrywing.
- ✍Toegang tot brainONLINE en internetgebaseerde opgraderings.
- ✍Inligtingsdae, kampe, sosiale geleenthede, ens. (op bespreek-en-betaalbasis wanneer aangebied).

Vakkeuses: Belangrik!

U kind se toekoms lê ons na aan die hart. Maak asseblief dubbel seker van die leerder se vakkeuses, veral by Graad 10-12. Nie alle vakkombinasies impliseer universiteitstoelating nie! Ons beveel aan dat u self skakel met die tersiêre inrigting waar die leerder beoog om te studeer, en u vergewis van die vereistes.

Vakvereistes

Die volgende vakke vereis dat 'n verpligte werkswinkel bygewoon word: Gasvryheid- en Verbruikerstudies, IT, CAT en IGO. Hierdie werkswinkels dek die praktiese komponente wat 25% van die jaarpunt tel.

Sekere vakke vir graad 10-12 benodig ekstra sagtewarepakette. Ingeneursgrafika & Ontwerp benodig *TurboCAD 16 Deluxe.* Rekeningkunde benodig *Pastel Certified School Programme*. *Borland Delphi 7 (student version)* word benodig vir IT. CAT benodig die *Microsoft Office Suite 2003* of *2007 (professional version)*. Ons ondersteun **nie** *Open Office* nie. U kan www.pricecheck.co.za gebruik om die sagteware te soek wat u benodig.

Internasionale versendings

Buitelandse kliënte word versoek om self vir koerierdienste na en vanaf Breinlyn te betaal. Kostes beloop ongeveer R500-R1 000 per versending. Alternatiewelik kan Breinlyn versoek word vir 'n kwotasie.

Let wel: Internet

Internettoegang is 'n vereiste. Elke student het internet toegang sowel as 'n e-posadres nodig.

Studie Metodes

As bygevoegde waarde vir ons Breinlyn gebruikers, word dit aangebied op 'n landwye basis, **teen geen ekstra koste**. *Lees meer binne in die vorm.*

Heg afskrifte van die identiteitsdokumente van die ouer en/of rekeningpligtige aan, asook alle depositostrokies of ander bewyse van betaling. Ons benodig ook 'n afskrif van elke student (ouderdom 16+) se ID-dokument, sowel as 'n ID-foto van alle Gr. 8-12 leerders.

Voorsien die oorspronklike aansoekvorm aan ons:
Privaatsak X505, Sinoville, 0129
Tel: (012) 543-5000 Internasionaal: *27 12 543-5000 Faks: 08 66 55 44 33
Internasionale faks: *27 12 543-5050 E-pos: info@brainline.com Web: www.brainline.com

Breinlyn 2010 Aansoekvorm

Tel: (012) 543-5000 Faks: 08 66 55 44 33 info@brainline.com http://www.brainline.com

Bestaande kliëntenommer

U is by ons ingeskryf deur:

Waar het u gehoor van Breinlyn? Huisgenoot ☐ Rapport ☐ Vanaf kennisse ☐ Ander (spesifiseer asb):

Afdeling A: Ouer/Voog

Van en naam:

2010

Verskaf die besonderhede van die ouer/voog waar die leerder(s) woonagtig is.

☎ Huis:

☎ Werk:

☎ Sel 1 (Moeder):

☎ Sel 2 (Vader):

Posadres:

☎ Faks:

ID nr:

Straatadres:

Stad en provinsie:

Naaste Postnet:

Het u toegang tot die internet ? Ja Nee

E-pos adres:

☎ Selfoon wat u magtig om eksamenkodes te ontvang:

Ek het geen objeksie daarteen om 'n lid te wees van die Pestalozzi Trust nie.

Afdeling B: Rekeningpligtige

☐ **Merk indien dieselfde as Afdeling A**

Verskaf hier die besonderhede van die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van die rekening.

Van en naam:

ID Nr:

Heg asb. afskrif van ID aan

☎ Huis:

☎ Werk:

☎ Sel 1:

☎ Sel 2:

Posadres:

☎ Faks:

Stad en Provinsie:

Straatadres:

Naaste Postnet:

Het u toegang tot die internet ? Ja Nee

E-posadres:

Afdeling C: Opsomming van Leerder(s)

Verskaf hier die name van die leerder(s) wat u by Breinlyn wil inskryf.

	Leerder se naam:	Graad:	Notas:
1.			
2.			
3.			
4.			

Afdeling D: Betalingsbesonderhede

Rekeningnaam: Breinlyn Bank: ABSA
Rekeningnr: 4072454730 Takkode: 632005

a. Spesifiseer asseblief hier hoe u beoog om te betaal:

Hierdie is 'n deposito: R

Hierdie is volle betaling: R

☐ Internet/kontant ☐ Tjek ☐ Kredietkaart ☐ Debietorder/Jan-Mrt-Jun

Persoon ontvang: Handtek: Kwit # Boek # Datum: Bedrag ontvang: R

b. Indien u per <u>kredietkaart</u> betaal, vul asseblief u kredietkaartbesonderhede in:

Bedrag: R

Kaarthouernaam: Kaart-nommer: Kantoorgebruik:

Vervaldatum: Laaste 3 syfers agterop: Eenmalig Begroting Maande:

c. Debietorder betalings: (Breinlynpakkette word in 3 termynpakkette verkoop, Jan / Maart / Junie en moet vooruit betaal word. Deel dus totaal deur drie, met Jan as eerste betaling / deposito.)

Bedrag: R

÷3

Per termyn R

Rekeninghouer naam:

Bank: Rekeningnr:

Tipe: Tjek Spaar Transmissie Taknaam: Takkode:

Termyn 1 betaling Januarie of by aankoop, termyn 2 betaling einde Maart, termyn 3 betaling einde Junie.

Ek stem in tot die standaard gebruiksooreenkoms vir Breinlyn-sagteware, -diens en -eksamens, insluitend die verbod op kopiëring en voorwaardes vir internetgebruik. Ek verstaan dat die verantwoordelikheid vir opvoeding van my kind(ers) by my berus, dat Breinlyn in alle opsigte slegs as 'n hulp gebruik word. Ek aanvaar die sagteware soos dit is, met geen waarborge van enige aard nie, wetende dat ek dit nie besit nie, maar slegs gebruik. Ek aanvaar dat hierdie aansoek/registrasie nie aansoek/registrasie by owerhede is nie.

Naam: Handtekening van ouer: Hantekening van rekeningpligtige: Datum:

Breinlyn 2010 Aansoekvorm: SA Senior-Graad 12

Tel: (012) 543-5000 Faks: 08 66 55 44 33 info@brainline.com http://www.brainline.com

Afdeling E: Leerder in Graad 12 — *2010 Graad 12*

1. Leerderbesonderhede

Volle naam en van: _____ Foto aangeheg? ☐

Geboortedatum: j j j j m m d d Geslag: M/V: ☐ Taalvoorkeur: _____

Selfoon 1 nr: *(Leerder)* _____ E-posadres: *(Leerder)* _____

Selfoon 2 nr: _____ Sentrum / tutor & tel: _____

indien leerder ondersteun word deur tutor of 'n sentrum.

2. Akademiese geskiedenis: *Graad 10 en 11 akademiese geskiedenis moet voorsien word. Rapporte van vorige skole moet aangeheg word.*

Gr. 10-skoolnaam:	Gr. 11-skoolnaam:
Gr. 10-skooltel:	Gr. 11-skooltel:

Gr 10-vakke	Punt/Simbool	Gr. 10-vakke	Punt/Simbool	Gr. 11-vakke	Punt/Simbool	Gr. 11-vakke	Punt/Simbool

3. Merk vakkeuses (geen vakveranderings word toegelaat in Gr 12 nie)

Om vir 'n Graad 12 vak in te skryf, moet bewys gelewer word van geslaagde eksamens by 'n geregistreerde instelling vir gr.10 en gr.11.
Volle Graad 12 vak basiese prys vir 7 vakke is R11 250 + R3 000 eksamenfooie = R14 250.
Addisionele eksamen prys: R600 per vak.

	Addisionele Eksamen (Gr. 11)	Graad 12 *Kies-parafeer*	Kosteberekening
a. **Twee tale verpligtend** (parafeer by keuses in blokkie)			
Afrikaans Huistaal			
Afrikaans Eerste Add. Taal			
English Home Language			
English First Add. Language			
b. **Kies een Wiskunde** (parafeer by keuses in blokkie)			
Wiskundige geletterdheid *(Basiese Wiskunde vir almal)*			
Wiskunde (vol) *(vir Universiteit)*			
Vol Wiskunde verpligtend vir Information Technology / Ingeneursgrafika en Ontwerp / Fisiese Wetenskappe			
c. **Lewensoriëntering: verpligtend**		✓	
d. **Addisionele vakke**. (Kies enige 3. Vir Universiteitstoelating, kies 3 slegs uit die gemerk as "Universiteit".)			
Fisiese Wetenskappe (Vol Wiskunde verpligtend) Universiteit			
Lewenswetenskappe (Bio) Universiteit			
Landbouwetenskap Universiteit			
Rekeningkunde Benodig *Pastel Certified School Programme* Universiteit			
Besigheidstudies Universiteit			
Ekonomie Universiteit			
Geskiedenis Universiteit			
Aardrykskunde Universiteit			
Ingenieursgrafika & ontwerp Benodig *TurboCAD 16 Deluxe*. + R360. Vol Wisk verpligtend Universiteit			
IT (Programming) Vol Wisk verpligtend. + R360. Benodig *Borland Delphi 7 (student version)*. Kan NIE ook CAT neem nie Universiteit			
Verbruikerstudies Verpligte prakties by Breinlyn, R 1 200. Kan NIE ook Gasvryheidstudies neem nie Universiteit			
CAT + R360/. Kan NIE ook IT neem nie. Benodig *Microsoft Office Suite 2003* of *2007 (professional version)* NIE Universiteit			
Toerisme + R360 NIE Universiteit			
Gasvryheidstudies (Hotel) Kan NIE ook Verbruikerstudies neem nie. Verpligte prakties by Breinlyn, R6 050 NIE Universiteit			
		Totaal:	

Ek as ouer/voog vrywaar Breinlyn in geheel van enige eis van enige aard. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir vakkeuses en enige ander aspek rakende die onderwys van my kind.

Parafeer ouer/voog: _____ Datum: _____

Afdeling F: Praktiese komponent informasie — 2010 Graad 12

Gasvryheidstudies, Verbruikerstudies (LW: Alle praktiese sessies vind plaas te Breinlyn, Montana, Pretoria.)

Gedurende die akademiese jaar vir hierdie leerareas, is die uitvoering en eksaminering, met moderering deur die Gauteng Departement van Onderwys, 'n verpligte komponent. Dit word die praktiese komponent genoem en tel 25% van die finale punt wat aan die leerder toegeken word. Dit kan dus vir kandidate 'n groot puntevoordeel bewerk. Indien die kandidaat nie hierdie komponent voltooi nie, word die finale resultaat van die kandidaat deur die Gauteng Departement van Onderwys weerhou as “resultaat hangend” en die kandidaat slaag dan nie die vak nie.

Die uitvoering van die praktiese komponent kan hoë kostes vir ouers teweeg bring, aangesien bestanddele aangekoop moet word vir die inoefening van tegnieke en resepte. Daar is derhalwe planne beraam om kostes en moeite vir ouers laag te hou, maar steeds aan die Departementele voorwaardes te voldoen. U hoef geen praktiese werk by die huis te doen, of enige toebehore saam te bring nie. Dit gaan egter van u verwag word om gedurende die sessies baie hard te werk ten einde u vaardighede in te skerp.

A. Gasvryheidstudies
Die prakties behels **twee** sessies gedurende die loop van die jaar. Die datums word vooraf bekend gemaak, sodat u besprekings kan maak vir die twee sessies wat u die beste sal pas.

Praktiese sessie 1 (duur 4 dae) sluit die volgende in:
- Alle bestanddele
- Ondersteuningsdienste
- Toesighouers- en moderatorsfooie
- Die gebruik van alle messe, potte en kombuisgereedskap wat benodig mag word
- Die gebruik van alle eetgerei, tafeldoeke en breekware
- Blomme, spyskaarte en fotovertoning
- U sjefbaadjie, voorskoot en sjefhoed. Die dra hiervan is verpligtend gedurende alle sessies en eksamens. Indien u nie oor u eie beskik nie, is die huur daarvan by hierdie prys ingesluit.
- Middagetes en sap vir die kandidaat
- Een proefete vir gaste
- Een geëksamineerde ete vir vier (4) lede van u gesin

Koste: R 3 150.00 (betaalbaar met inskrywing)
Hierdie betaling is slegs terugbetaalbaar indien u binne 7 dae ná inskrywing sou kanselleer.

Praktiese sessie 2 (duur 4 dae) sluit die volgende in:
- Alle bestanddele
- Ondersteuningsdienste
- Toesighouers- en moderatorsfooie
- Die gebruik van alle messe, potte en kombuisgereedskap wat benodig mag word
- Die gebruik van alle eetgerei, tafeldoeke en breekware
- Blomme, spyskaarte en fotovertoning
- Middagetes en sap vir die kandidaat
- Een proefete vir gaste
- Een geëksamineerde ete vir vier (4) lede van u gesin

Koste: R 2 900.00 (betaalbaar op 1 Maart 2010)
Hierdie betaling is slegs terugbetaalbaar indien u binne 7 dae ná inskrywing sou kanselleer.

B. Verbruikerstudies
Die prakties behels **twee** sessies gedurende die loop van die jaar. Die datums word vooraf bekend gemaak, sodat u besprekings kan maak vir die twee sessies wat u die beste sal pas.

- Alle bestanddele
- Ondersteuningsdienste
- Toesighouers- en moderatorsfooie
- Die gebruik van alle messe, potte en kombuisgereedskap wat benodig mag word
- Die gebruik van alle eetgerei, tafeldoeke en breekware
- Blomme, spyskaarte en fotovertoning
- Verpakkingsmateriaal
- Voorskoot en sjefhoed
- Middagetes en sap vir die kandidaat
- Een proefete vir gaste
- Een geëksamineerde ete vir vier (4) lede van u gesin

Elke praktiese sessie duur 1 dag.
Koste per sessie: R 600.00 (betaalbaar met inskrywing)

C. Toerisme, “Information Technology”, Ingenieurs Grafika en Ontwerp, “Computer Applications Technology”
Indien u gekies het om een van hierdie vakke te neem, moet u asb op die volgende voorbereid wees, aangesien “gekontroleerde” eksaminering verpligtend is. U kan een of almal van die volgende verwag.

1) Verpligte bywoning van 'n groep in of naby u area, waartydens een van die take wat aan u verskaf is, uitgevoer en gemerk sal word. U kan enige vanaf 2 tot 4 sulke sessies deur die jaar verwag. Daar sal van u verwag word om voorbereid by hierdie sessies op te daag, aangesien die toesighouers nie noodwendig u sal kan bystaan nie, maar slegs teenwoordig sal wees.
2) Verpligte bywoning van ten minste een eksamen op die Breinlynperseel te Montana, Pretoria. Hierdie eksamen kan 1 tot 4 dae duur en sal geskied in die periode Augustus tot November 2010. Die datums sal vooraf bekend gemaak word.

- Geen ekstra betaling word hiervoor gevra nie.
- U mag dalk gevra word vir toesighouerskostes by die sentrum naby u.
- U moet bedag wees op reis- en verblyfkoste gedurende die eksamen. Dit is egter nie aan Breinlyn betaalbaar nie.

Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat alle bogenoemde inligting oor praktiese komponente aan my gekommunikeer is.

....
Handtekening van kliënt *Datum*

Afdeling G: Hulpbronne

2010 Graad 12

Addisionele verpligte hulpbronne

1. Information Technology (IT)
U benodig sagteware: *Borland Delphi 7 (student version).*

2. Computer Application Technology (CAT)
U benodig sagteware: *Microsoft Office Suite 2003* of *2007 (professional version).*

3. IGO
Departementele vereistes stipuleer dat 'n leerder 'n CAD program kan gebruik. U kan die pakket Turbo CAD 16 Deluxe aankoop vanaf Jaco Myburgh (jaco@turbocad-africa.co.za). Prys: R850.00, 'n CD met 121 lesse, oor die gebruik van die program, is ingesluit.

4. Rekeningkunde
Leerders benodig die sagteware, *Pastel Certified School Programme*, wat van groot waarde is met die bemeestering van Rekeningkundige vaardighede.
Die prys van die program is R580.00 en daarby ingesluit is PastelPartner 2007, wat R7 000.00 werd is. Dit kan op 'n latere stadium gebruik word.

Op die program word stap-vir-stap leiding gegee oor hoe om opdragte uit te voer wat skakel met die Gr. 10 tot 12 leergang.

Skakel Tania by Softline Pastel: 011-3043692 of e-pos: schools@pastel.co.za vir meer inligting.

5. Lewenswetenskappe & Fisiese wetenskappe
Leerder moet toegang hê tot, sowel as gebruik van:

- laboratorium apparate (bv. mikroskoop vir praktiese ondersoeke)
- chemikalieë en eksperimente
- fotografiese rekord van eksperimentele prosesse

Kyk uit vir die lys van benodighede en eksperimente op brainONLINE in 2010.

Studiemetodes

As bygevoegde waarde vir ons Breinlyn gebruikers, word dit aangebied op 'n landwye basis, **teen geen ekstra koste**. Datums en plekke sal gedurende Januarie 2010 gepubliseer word. Dit skakel in by die vak assesseringsriglyne vir Lewens Orientering: Leervaardighede en Strategie Ontwikkeling.

Vestiging van die effektiewe oorskakeling van inligting na kennis. Identifiseer en los leerprobleme op. Spreek alle aspekte van die leerproses en vaardighede benodig om die suksesvolle praktiese toepassing van effektiewe studie metodes in alle leer areas te verseker.

Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat alle bogenoemde inligting oor verpligte hulpbronne aan my gekommunikeer is.

....
Handtekening van kliënt *Datum*

Breinlyn 2010 Aansoekvorm: Standaardooreenkoms

Tel: (012) 543-5000 Faks: 08 66 55 44 33 info@brainline.com http://www.brainline.com cellplek *120*494*5000#

Afdeling H: Standaardooreenkoms 2010

Hierdie afdeling bevat die standaard Breinlyn-voorwaardes van diens, en moet deur alle kliënte onderteken word.

1. Definisies: In hierdie ooreenkoms word die volgende betekenisse toegeken aan die woorde hieronder, tensy die kontrak anders impliseer: “Ek” verwys na die intekenaar; ”Jy” of “u” verwys na die verskaffer Breinlyn; “Hoofkantoor” verwys na Breinlyn se hoof administratiewe sentrum; “probleem ervaar” verwys na enige probleem wat ondervind mag word; “sertifikaat” verwys na ’n sertifikaat wat informasie uitwys rakende bedrae en rentes verskuldig.

2. Algemeen. Die opskrifte wat in hierdie ooreenkoms gebruik word, is slegs vir verwysingsdoeleindes, en sal nie die interpretasie van die dokument beïnvloed nie. In hierdie dokument sal verwysings wat in die enkelvoud gemaak word ook meervoud vervat, en omgekeerd, tensy die inhoud anders vereis.

3. Hierdie is ’n bindende aanbod vir die produk/program, onderhewig aan goedkeuring deur hoofkantoor. Telefoniese bevestiging of bewys via geregistreerde pos sal beskou word as goedkeuring deur hoofkantoor. Indien ek sou versuim om die produk/program by aflewering in ontvangs te neem, sal dit in geen opsig my verantwoordelikhede en/of aanspreeklikhede in terme van hierdie ooreenkoms beïnvloed nie.

4. Ek gee hiermee toestemming dat die produk/program by die afleweringsadres wat ek in hierdie aansoekvorm spesifieer afgelewer mag word deur uself, of ’n koerier van u keuse. Die keuse van koerier is vir u eie absolute diskresie.

5. Sou dit gebeur dat enige items op bestelling in terme van hierdie ooreenkoms gebroke of beskadig afgelewer sou word, verstaan ek dat diesulke items gratis vervang sal word op voorwaarde dat ek u binne vyf (5) werksdae vanaf ontvangs in kennis sal stel deur middel van ’n vooruitbetaalde geregistreerde skrywe gerig aan u adres by Privaatsak X505, Sinoville, 0129.

6. Waar my aansoek telefonies, of via die internet gedoen word, aanvaar ek die bewys van die produk/program aan my gestuur via geregistreerde pos, of die eerste paaiement geëerbiedig aan uself, as voldoende bewys dat ek instem tot die voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

7. Ek verklaar dat ek bewus is van die aard, kwaliteit en inhoud van u produk/program. Ek aanvaar die produk/program soos dit is, insluitende eksamenuitslae, met geen waarborge hoegenaamd. Ek aanvaar die terme van gebruik vir Breinlyn-webbladsye soos gepubliseer op die webbladsye van tyd tot tyd.

8. Ek is bewus dat enige opdatering, opgradering, byvoeging, verlenging, verbetering, ens. tot die produk/program ’n opsionele ekstra is vir my rekening. Ek stem in om enige vorige weergawes en dokumentasie binne 30 dae aan u terug te besorg en verstaan dat indien ek versuim, ek aanspreeklik sal wees vir die volle waarde van die oorspronklike produk .

9. Ek is bewus dat alle afleweringskoste, vir watter rede ook al, insluitend verskepingskoste, posgelde, vragkoste, hantering en koste van media vir my rekening sal wees.

10. Alle ingeslote sagteware word gelisensieer, nie verkoop nie, aan my, vir gebruik volgens die voorwaardes in hierdie ooreenkoms. Ek aanvaar dat Breinlyn homself alle regte voorbehou wat nie spesifiek aan my toegestaan word nie. Breinlyn behou alle titelregte en reg van eienaarskap van sy intellektuele eiendom en verwante dokumentasie. Hierdie sagteware mag alleenlik gebruik word deur leerders wat gespesifiseer word in hierdie aansoek. Eksamenantwoorde ingedien word die eiendom van Breinlyn.

11. Waar enige probleem van enige aard ondervind word, dra ek kennis van u telefoon- en adres-besonderhede waar u gekontak kan word vir kliëntediens. Ek verstaan dat geen probleem van enige aard wat ek ondervind, my bemagtig om hierdie aanbod te kanselleer of betalings aan uself te weerhou nie.

12. ’n Sertifikaat onderteken deur u of ’n persoon bemagtig deur uself sal as voldoende bewys geag word van besonderhede hier verstrek met die oog daarop om ’n hofbevel, dagvaardiging of derglike regstap te verkry teen myself, of vir enige ander doel, en sal ook dien as *prima facie*-bewys dat die genoemde bedrag tesame met rente deur myself verskuldig is aan u en dat die rente betaalbaar sal wees teen die koers aangedui daarin.

13. Indien ek ooreenkom om die maandelikse paaiement deur middel van vooruitgedateerde tjeks, uitgereik aan Breinlyn of sy genomineerde, te betaal, aanvaar ek dat sodanige tjeks verdiskonteer mag word vir die waarde ontvang, by ’n entiteit van Breinlyn se keuse en dat sodanige entiteit CI International Finance Development (Pty) Ltd mag wees. EK ONDERNEEM OM SODANIGE TJEKS ONVOORWAARDELIK TE BETAAL OP DIE OOREENGEKOME DATUMS, TEN SPYTE VAN ENIGE DISPUUT wat ek dalk mag hê met Breinlyn. In geval waar enige van die tjeks nie eerbiedig word by aanbieding nie, sal die volle bedrag van die kontrak betaalbaar word nieteenstaande die datum wat verskyn op die betrokke tjek(s).

14. Indien ek ooreenkom om die maandelikse paaiement deur middel van ’n debietorder te betaal, gee ek u, of u genomineerde, of finansieringshuis, wat CI International Finance Development (Pty) Ltd kan wees, hiermee onherroeplik toestemming om die betrokke debietorder of debietorders teen my bankrekening te hef ter vereffening van maandelikse paaiemente soos ooreengekom op hierdie aansoekvorm, plus rente teen die maksimum koers toegelaat deur die bepalings van die wet op woekerwins, wat ook die koste van posgeld, vragvervoer, hantering, media en diverse agterstallige skuld kan insluit. EK ONDERNEEM OM HIERDIE DEBIETORDERS ONVOORWAARDELIK TE BETAAL TEN SPYTE VAN ENIGE DISPUUT WAT EK DALK MAG HE MET BREINLYN.

15. Ek verstaan dat indien ek nie die produk/program kontant betaal nie, u rente mag/sal hef teen die maksimum koers toegelaat deur die bepalings van die wet op woekerwins.

16. Ek verskaf die informasie in hierdie aansoek met die doel om krediet te verkry, en ek verstaan dat u my kredietrekord mag ondersoek en informasie rakende my hantering van ’n kredietrekening by uself aan kredietburo’s en andere mag verskaf.

17. Indien ek sou versuim om die paaiement(e), soos ooreengekom in hierdie ooreenkoms te betaal op die betrokke datum, kan alle dienste getermineer word, en sal die volle balans, soos uiteengesit in ‘n sertifikaat uitgereik deur ’n geregistreerde ouditeur, betaalbaar wees. Rente op alle agterstallige paaiemente sal bereken word teen die maksimum koers toegelaat deur die bepalings van die wet op woekerwins, en sal betaalbaar wees vanaf die datum waarop die paaiement verskuldig was tot op die datum van afbetaling.

18. Ek sal nie die produk/program reproduseer, kopieer of kopiëring daarvan onder my toesig toelaat nie. Ek stem in tot ’n minimum van R100 000 (eenhonderd duisend rand) boete tot hierdie punt. Sodanige boete/aanspreeklikheid/skadevergoeding kan meer wees indien skade bewys kan word deur Breinlyn.

19. Ek stem in daartoe om Breinlyn of sy genomineerde volle toegang te gee ten einde beskerming van Breinlyn se regte, sonder voorafkennisgewing.

20. Ek stem in om alle media, diskette of cd-roms en dokumentasie wat verband hou met die produk binne 7 dae van terminering van hierdie ooreenkoms, of indien Breinlyn my kennis gee by my domicilium citandi et executandi, terug te besorg en verstaan dat indien ek versuim, ek aanspreeklik sal wees vir die volle waarde van die oorspronklike produk .

21. Ek verstaan en besef dat die verantwoordelikheid vir die behoorlike opvoeding en opleiding van my kind/kinders my verantwoordelikheid is en nie Breinlyn se verantwoordelikheid nie. Ek verstaan dat Breinlyn slegs opvoedkundige hulp verleen, dat inskrywing by Breinlyn geen registrasie by enige onderwysowerhede impliseer nie, en ek aanvaar die volle verantwoordelikheid om te verseker dat my kind/kinders se vakkeuses in lyn is met beoogde loopbane.

22. Ek sal aanspreeklik wees vir alle kostes in geval van regsaksie wat voortspruit uit ’n onderbreking van hierdie ooreenkoms. Sulke kostes sal behels, maar is nie noodwendig beperk tot, regsverteenwoordigingskoste plus invorderingskommissie nie.

23. Ek aanvaar die jurisdiksie van die Magistraatshof in alle regsverrigtinge wat voortspruit uit onderbreking van hierdie ooreenkoms.

24. Ek kies hiermee my domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes rakende hierdie ooreenkoms as my woonadres soos gespesifiseer in hierdie aansoekvorm, waar alle kennisgewings en/of regsprosesse wettiglik bestel en bedien mag word. Ek verstaan dat ek my domicilium mag verander deur u skriftelik daarvan in kennis te stel deur middel van ’n vooruitbetaalde, geregistreerde skrywe gerig aan u adres Privaatsak X505, Sinoville, 0129 en dat sodanige verandering in werking sal tree by u ontvangs van genoemde skrywe.

25. In geval van kansellasie van hierdie inskrywing sal geen gelde terugbetaal word nie, tensy anders ooreengekom.

26. Ek onderneem om Breinlyn binne 5 (vyf) werksdae in kennis te stel indien my huis- of posadres sou verander, en ek stem in om alle kostes te dra wat sou voortvloei uit my versuim om uself van sodanige adresverandering in kennis te stel.

27. Ek verstaan dat aansoek/registrasie by Breinlyn nie aansoek of registrasie by enige ander owerheid of regsliggaam impliseer nie.

28. Hierdie dokument vorm die totale ooreenkoms tussen ons en enige byvoeging, verandering of kansellasie hiervan is van nul en gener waarde, tensy op skrif en onderteken deur beide partye.

Moet deur alle kliënte onderteken word

Handtekening: _____ Naam: _____ Datum: _____

As borg en rekeningpligtige

Afdeling I: Nomineer ’n toesighouer (voor einde Maart 2010)

Jou genomineerde toesighouer is die persoon wat verantwoordelik is vir die toesig oor die leerder se eksamens. Hierdie persoon moet ouer as 18 wees, en kan nie ’n familielid van die student wees nie. Die genomineerde toesighouer sal aanlyn-toesighouer opleiding en eksamens moet voltooi.

Genomineerde toesighouer se naam en van: ..... Titel: .....

Kontaknommer: ..... E-posadres: .....

VOLTOOI ASB. DIE TOESIGHOUER-NOMINASIEVORM. DIE EKSAMENS IS NIE DOENBAAR SONDER HIERDIE VOLTOOIDE VORM NIE.

Die toesighouer-nominasiedokument kan afgelaai word by www.brainline.com onder ‘enrol with us’.

Breinlyn 2010 Aansoekvorm

Tel: (012) 543-5000 Faks: **08 66 55 44 33** info@brainline.com http://www.brainline.com

Afdeling J: Kontrolelys Graad 12 *2010*

Al die onderstaande informasie word aan die kliënt oorgedra en die lys word deur die kliënt onderteken.

1. SA-skoolkurrikulum op CD, aktivering van CD. ☐
2. Handboeke vir sommige vakke. Gr. 12 leerders verantwoordelik vir aankoop van voorgeskrewe boeke. ☐
3. Geregistreerde kurrikulumverskaffer en Gr. 12-eksamensentrum. ☐
4. Sosiale aktiwiteite, bv. kampe, graad 12-afskeid, ens. ☐
5. Ouers moet besonderhede oor registrasie as tuisskoolleerder by Gauteng Dept van Onderwys verkry. Ons beveel aan dat u die PESTALOZZI TRUST nader vir meer inligting. Tel: 012-3301337 / www.pestalozzi.org. ☐
6. Twee webtuistes – info: www.brainline.co.za, kampus: www.brainonline.com eksamens, werksopdragte, opdaterings, kommunikasie met moderators. ☐
7. Betaling: deposito derde van totaal, balans verdeel in twee paaiemente. ☐
8. Tutors, gekwalifiseerde onderwysers, nie in diens van Breinlyn nie, bied ekstra/voltydse klasse aan. Ouers en tutors onderhandel oor fooie. ☐
9. Leerder moet internettoegang hê, sowel as ‘n e-posadres. ☐
10. Vakveranderings: Gr. 10 maksimum 2, Gr. 11 een (geen veranderings na 15 Maart nie.) Gr. 12 vakveranderings mag slegs gedoen word voor 31 Januarie (met die korrekte dokumente). ☐
11. Gr. 12-werksopdragte en -werkswinkels. Memo’s op www.brainonline.com. Merkstate moet op brainONLINE gelaai word. Een of twee werkswinkels per vak aangebied. Bywoning verpligtend. ☐
12. Gr. 12-eksamen: 2 eksamens per jaar: Rekord- en eindeksamen. Rekordeksamen – Junie, tuis, onafhanklike toesighouer. Ouers/Tutors sien Junie vraestelle na, memo's op www.brainonline.com. Eindeksamen – Okt/Nov. **Neem asb kennis dat u die eindeksamen kan aflê by Breinlyn goedgekeurde sentrums.** ☐
13. Gr. 12-fooie betaalbaar voor/op 15 Maart 2010. ☐
14. Gr. 12-opedag, inskrywings. Gr. 12-info mag verander, ouers & leerders moet webtuiste gereeld besoek. ☐
15. Minimum slaagvereistes vir Nasionale Senior Sertifikaat (Gr. 12): 40% in 3 vakke waarvan ‘n Huistaal een moet wees), 30% in 3 ander vakke. ☐
16. Leerders moet seker maak dat alles korrek opgelaai word op brainONLINE. Merk state moet opgelaai word, alvorens punte gemodereer en toegeken kan word. ☐
17. Kansellasies: slegs skriftelik. Termyn kennis. Kan slegs 1/3 of 2/3 terugbetaal. Vir volle terugbetaling, binne 7 dae van inskrywing. ☐
18. Ander werkswinkelsgelde streng kontant by werkswinkel betaalbaar. (Privaat tussen tutor en student.) ☐
19. Leerders moet alle termynwerksopdragte en eksamenantwoordstelle betyds voorlê op brainONLINE. ☐
20. Die toesighouer-nomineringsvorm kan afgelaai word by www.brainline.com. Die genomineerde toesighouer sal toesighouer-opleiding via die internet moet voltooi. Aanwys van toesighouer verpligtend. ☐
21. ’n Boekfooi van R360 per boek word gehef vir beskadigde of nie-terugontvangde boeke. ☐
22. Gr. 10 & 11 punte moet Gr. 12-inskrywing vergesel. ☐

.

Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat alle bogenoemde inligting oor Breinlyn aan my gekommunikeer is en dat ek dit verstaan en so aanvaar.

Handtekening van kliënt: ..... *Datum: .....*